

6 Januarie 2014

**Skrifgedeelte: 2 Kronieke 2:1-10
Fokusgedeelte: 2 Kronieke 2:4**

God se tempel in 2014

Hoe lyk God se tempel in ons wêreld? Wat sien u daarvan?

Vir Salomo moet die tempel verkondig: Al die eer aan God! Deur die tempel vir die Naam van die Here te bou, bevestig hy dat die almagtige God by sy volk is en by hulle woon. Tog moet Hiram verstaan dat die God van die tempel groter is as die tempel self. In hierdie gebou sal die volk dag in en dag uit God eer

- met wierookoffers wat lof in gebed na die Here bring (Ps. 141:2). Elke dag loof en dank die gelowige God vir alles wat Hy aan ons gee ...
- met offerbrood wat dui op die erkenning van God wat vir hulle sorg en altyd sal liefhê ...
- met offers waardeur die volk hulle berou en bekering tot die Here betoon en van vergewing verseker word.

'n Nuwe begin vir die volk.

Ons? In 2014?

- Nee, vandag sien ons nie die gebou wat Salomo gebou het nie ... maar ons sien u!
- Ons sien nie die tempel in Jerusalem nie, maar ons sien die kinders van God!

Die Nuwe-Testamentiese apostels sê tog: “Weet julle nie dat julle die tempel van God is nie ...?” (1 Kor. 3:16) en: “Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees ... (1 Pet. 2:5). Ons is die tempel van God wat nou sy eer moet uitdra ... ons wat so korrup en vuil van die sonde is?

Alles in die tempel in Jerusalem wys juis na die liefde wat God vir sy mense het, die liefde wat in Jesus Christus volkome sigbaar geword het, wat ons weer voor God geheilig het. Daarmee het ons die sekerheid dat God in altyd met ons is. Nou word ons lewens dankbaarheid as ons as tempels God se eer uitdra

- in ons liefde en oorgawe aan Hom ...
- in ons onvoorwaardelike gehoorsaamheid aan sy Woord ...
- in ons getuigenis van Christus in hierdie wêreld ...
- in ons liefdevolle omgang met en opbou van ons naaste.

God se tempel in 2014 ... dit is ... u!

Sing: Psalm 84:1, 2 (1936)

Ds RG (Roelie) Aucamp (Emeritus Middelburg KP)